# GOD SE EENVOUDIGE SALIGHEIDSPLAN

My Vriend, ek vra u die belangrikste vraag van die lewe. U vreugde of u verdriet, vir alle ewigheid hang daarvan af. Die vraag is: Is u gered? Die vraag is nie of u 'n lid van een of ander Kerk is nie, maar: Is u gered? Dit is nie 'n kwessie van hoe goed u is nie, maar: Is u gered? Niemand kan die seën van God geniet of Hemel toe gaan, sonder om gered te wees nie – Jesus het vir Nikodemus in Johannes 3:7 gesê, "Moenie jou verwonder dat ek vir jou gesê het, **julle moet weer gebore word** nie." God gee aan ons in Sy Heilige Woord die enigste plan vir saligheid. Die plan is eenvoudig, u kan vandag gered word.

Eerstens my vriend, moet u besef dat u 'n sondaar is. Romeine 3:10; "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie." "Want daar is geen onderskeid nie; Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God." (Romeine 3:22,23). Daar is geen kans om gered te word nie, tensy u besef dat u 'n sondaar is. Omdat u 'n sondaar is, is u veroordeel om te sterwe. "Want die loon van die sonde is die dood." (Romeine 6:23). "En as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort." (Jakobus 1:15). Dit beteken van God geskei te wees, in die hel vir ewig.

Hoe vreeslik! Ja my vriend, maar dit is waar, want God het u so liefgehad, dat **Hy Sy eniggebore Seun gegee het**, Jesus Christus, as u plaasvervanger; wat ons sondes gedra het en wat in U plek gesterwe het. "Want Hy het Hom (Jesus) wat geen sonde geken het nie, sonde gemaak vir ons, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom." (2 Kor. 5:21). "Wat self ons sondes in Sy liggaam op die Kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is." (1 Petrus 2:24). Jesus moes sterwe. Sy bloed moes gestort word. "Want die siel van die vlees is in die bloed." (Levitikus 17:11). "Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie." (Heb. 9:22). Ons kan nie verstaan hoe ons sondes op Jesus gelê is nie, maar God sê in Sy Woord dat dit wel so is. U sonde, my vriend, het Jesus gedra en Hy het in u plek gesterwe. God kan nie lieg nie.

Die Filippeinse tronkbewaarder het vir Paulus en Silas gevra: "Wat moet ek doen om gered te word?" "Toe sê hulle: '**Glo in die Here Jesus Christus, en jy sal gered word,** jy en jou huis'." (Handelinge 16:31). U moet eenvoudig net glo in Hom as die een wat vir u sonde gesterwe het, in u plek begrawe is en weer opgestaan het, vir u regverdigmaking. Roep Hom nou aan. "Want elkeen wat die naam van die Here aanroep, sal gered word." (Romeine 10:13).

Die eerste **gebed wat 'n sondaar moet bid,** word gegee in Lukas 18:13; "O God, wees my sondaar genadig!" U is 'n sondaar, en sekerlik is u baie jammer daaroor. Reg, en nou, waar u ookal mag wees, hef u hart op na God in gebed. Dit is nie nodig om lank

of hardop te bid nie, want God is baie begerig om u te red. Sê net: “O God, ek is ’n sondaar, ek is baie jammer, ek het berou, wees my genadig en red my.” Neem Sy woord aan. “Want elkeen (dit sluit u in) wat die naam van die Here aanroep, sal gered word.” Nie “sal miskien” of “kan” nie, maar “sal gered word”. (Romeine 10:13). Neem God se Woord aan. As u dit gedoen het, wat Hy u hier gevra het, **Neem dan die saligheid in die geloof aan** volgens Sy Woord. Glo en u sal gered word. Geen kerk, geen geld, nie goeie werk nie, niemand anders as Jesus alleen, kan u red nie.

**Die eenvoudige plan vir saligheid is:** U is ’n sondaar; omdat u ’n sondaar is moet u sterwe, so nie, glo in Christus wat u plaasvervanger is en in u plek gesterwe het, wat begrawe is en weer opgestaan het. Roep God net aan, met die besef dat u ’n sondaar is, en vra Hom om u genadig te wees en u te red. Neem Sy Woord aan en neem die saligheid in die geloof aan. U sê miskien: “Dit is sekerlik nie al wat ek moet doen om gered te word nie?” Ja dit is, volstrek alles. Dank God, baie siele is vir Christus gewen deur hierdie eenvoudige plan. Dit is skriftuurlik. Dit is God se plan. My vriend, glo en doen dit vandag. Nou is die tyd – vandag, is die dag. “Kyk nou is die tyd van die welbehae, kyk nou is die dag van verlossing.” (2 Korinthiërs 6:2). “Beroem jou nie op die dag van môre nie, want jy weet nie wat die dag sal bring nie.” (Spreuke 27:1).

As hierdie traktaat nie vir u duidelik is nie, **lees dit oor en oor totdat u dit verstaan.** Moenie dit opsy sit nie, want u siel is meer werd as die hele wêreld.

"Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win, en aan sy siel skade ly, of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?" (Markus 8:36,37). Maak seker dat u gered is, u het redding nodig bo enigiets anders. As u u siel verloor, verloor u die hemel en alles daarby. God help u om vandag gered te word.

Hy sal u red en **ook bewaar**. "Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie, maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra." (1 Korinthiërs 10:13). Moenie op u gevoelens staatmaak nie. Hulle verander. Steun op God se beloftes. Hulle verander nooit nie.

Nadat u gered is, is daar drie dinge wat u moet beoefen vir u geestelike lewe: **Bid** – praat met God. **Lees u bybel** – God praat met u. **Getuig** – u praat nou van God. "Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor My Vader wat in die Hemele is." (Mattheus 10:32). **God het u lief! Neem die saligheid aan wat Hy vir u wil gee, en ervaar die vervulling van die wete dat u 'n kind van God is!**

*Ford Porter.*

---

Vir Evangelielektuur, boeke en gratis traktaatjies in meer as 540 tale, skryf aan:

**E-MAIL: info@angp.co.za**

**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**

**Posbus 2191, PRETORIA, 0001, R.S.A.**

('n Evangelie-Lektuursending gefinansier deur donasies)

(Reg. No. 1961/001798/08)